

Pasop vir dié slaggate in trusts



RAAD MET JOU RANDE

NICO VAN GIJSEN

'n Leser wil weet wat die voor- en nadele daarvan is om sy plase aan 'n trust te bemaak.

Kortom: Trusts bied sekere voordele. Dit het min nadele. Die pad met 'n trust lê egter besaai met slaggate – slaggate wat jou kan kelder.

Ek bespreek kortliks twee sake wat die leser noem. Eerstens: Sy twee kinders en kleinkinders ontvang toekennings uit die trust wat dan in hul hande belas word.

Ek weet dit is algemene praktyk onder sommige rekenmeesters.

Die rede wat aangevoer word, is 'n besparing op inkomstebelasting. Die kinders en kleinkinders word teen 'n laer koers belas as óf die trustoprigter óf die trust self (40% op inkomste).

In baie gevalle grens dié gebruik aan belastingbedrog, want gewoonlik word die geld nie uitgekeer aan die begunstigdes nie, maar aan die ouer self. Jan Taks word dus belieg. As jy dit doen, gaan op eie risiko hiermee voort.

Verder kan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) een van die agtingsklousules in art. 7 van die Inkomstebelastingwet (wet 58 van 1962) toepas ingevolge waarvan die inkomste wat aan een persoon uitbetaal word, in die hande van 'n ander belas word. Byvoorbeeld, waar 'n inkomste toegeken word aan 'n gade of kind, kan Jan Taks dit belas asof dit aan die pa, gewoonlik die trustoprigter, toegeken of uitbetaal is.

Dan is daar ook die moontlike toepassing van die teenvermydingsmaatreëls vervat in art. 103 of sy plaasvervanger, art. 80, van die wet.

Dit behels kortliks dat die SAID 'n skema of reëling wat bedoel is om be-

lasting te omseil, nietig kan verklaar en belasting kan vorder asof so 'n reëling nooit bestaan het nie.

Ongelukkig, soos gesê, word dié risiko's soms verswyg deur rekeningkundiges.

'n Verdere punt oor die toekenning van inkomste wat nie uitbetaal nie, maar in die trust gehou word, is dat die oomblik wat 'n inkomste aan 'n begunstigde, byvoorbeeld 'n kind of kleinkind, toegeken is, 'n reg op daardie bedrag vestig.

Jy dink jy spaar op inkomstebelasting deur die kind te laat belas op 'n inkomste wat nie uitbetaal word nie, maar net deur 'n "boekinskrywing" aan die kind toegeken word.

Al wat jy gedoen het, was om die beskerming wat die trust vir daardie begunstigdes ingehou het, te vernietig.

Omdat daardie bate (bedrag geld) nou in 'n begunstigde gevestig het, is dit voortaan blootgestel aan daardie begunstigde se skuldeisers en val dit in sy of haar boedel vir verdere belastingheffings. Dis van die meer algemene slaggate.

Ja, daar is voordele as jy die plase aan 'n trust bemaak.

Die trust sal die plase en ander eien- dom erf teen die markwaarde op die dag dat jy sterf.

In jou boedel sal 'n korting van 30% op die markwaarde geld vir sowel kapitaalwinstbelasting as boedelbelasting.

Die groot voordeel is dat die bate uit die hande van die begunstigde is en verdere groei sal waarskynlik vrygestel wees van boedelbelasting.

Dit sal waarskynlik ook beskerm wees teen skuldeisers, terwyl meer as een kind as begunstigde genoem kan word waar 'n plaas andersins nie onderverdeel kan word sonder magtiging van die minister nie.

Dit bied ook voordele vir volgende geslagte, sonder dat die bate elke keer in aanmerking sal kom vir kapitaalwinst- of boedelbelasting wanneer een geslag plek maak vir 'n ander.

Die voordele van trusts kom eers tot sy reg as die slaggate vermy kan word.

► Nico van Gijsen CFP® is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of per e-pos aan nico @finlac.com.